# Les 19 DIE HEILIGE GEES IS DIE GAWE VAN GOD WAT ONS TOERUS EN KRAGTIG ONDER ONS WERK OMDAT ONS DIE EVANGELIE GLO

## 1. Toegerus deur die Heilige Gees wat kragtig onder ons werk

Die kragnetwerk is nie maar sommer net iets wat daar staan en niksdoen nie. As ŉ mens net so staan en kyk na die hoogspanningsdrade, die groot substasies, die kragpunte van ŉ huis, die skakelpunte op ketels en elektriese koorde – dan lyk dit asof daar niks gebeur nie. ŉ Mens sien nie vuurwerke, vonke of goed wat beweeg nie.

Al wat werk, is al die elektriese apparate binne-in die huis. ŉ Mens sien ŉ ketel kook, ŉ yskas wat koud maak, ŉ rekenaar wat programme laat werk en ŉ stofsuier wat skoonmaak. Maar ŉ mens sien nie die werk wat die kragnetwerk doen nie.

Die kragnetwerk werk die hele tyd – maar dit is onsigbaar!

Die Woord van God wys ons dat die gawe van die Heilige Gees wat Jesus en die Vader vir ons gee, ook nie maar net ŉ gawe is wat daar staan en niksdoen nie. Die Heilige Gees is die persoon wat die hele tyd, sonder ophou, besig is om kragtig onder ons te werk. Kyk hoe sê Paulus dit:

*"5 Hy wat julle met die Heilige Gees toerus en kragtig onder julle werk, doen Hy dit omdat julle die wet onderhou of omdat julle die evangelie glo?"* (Gal. 3:3)

'Toerus' en 'kragtig onder ons werk' beteken die Heilige Gees is die hele tyd besig om te sorg dat ons alles kry wat ons nodig het om God te dien, en alles daar is en werk, wat sorg dat ons dit alles kry.

Wat doen die Heilige Gees alles wat kragtig is en ons toerus?

## 2. Die Heilige Gees voorsien al die krag

As ŉ mens so na die groot kragpale staan en kyk, dan lyk dit asof daar niks gebeur nie. Maar dit is nie waar nie. Hierdie hoogspanningsdrade is onsigbaar besig om genoeg krag aan die hele land te voorsien, sodat alles kan werk.

Kom ons lees Lukas 24:

*"45 Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan. 46 Verder sê Hy vir hulle: "So staan daar geskrywe: 'Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, 47 en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder.' 48 Julle is getuies van hierdie dinge. 49 En Ek sal die gawe wat my Vader beloof het, vir julle stuur. Maar julle moet in die stad bly totdat julle met krag van bo toegerus is."*

Die Heilige Gees is die gawe wat die Here Jesus aan ons gee wat elke dag, dwarsoor die wêreld, aan alle gelowiges in elke land, op elke plek en in alle tale, vir alle mense met krag toerus. Hierdie krag is die liefde, genade, goedheid en barmhartigheid van God wat Jesus Christus in die Hemel vir ons opwek en na ons toe stuur op enige plek, enige tyd op aarde.

Dit is die werk van die Heilige Gees. Hierdie magtige werk gebeur elke dag onsigbaar deur die Heilige Gees, nes die krag deur hoogspanningsdrade oor die hele land na elke huis versprei word.

**3. <u>Die Heilige Gees woon in die kerk</u>**

Nog ŉ onsigbare werk wat die Heilige Gees die hele tyd doen, is dat Hy die kerk bewoon. Kyk hoe sê Paulus dit in Romeine 8 en 2 Timoteus 1:

*"[9] Julle word egter nie deur julle sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon in julle. As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie.* (Rom. 8)

*"[14] Wat aan jou toevertrou is, is goed. Bewaar dit deur die Heilige Gees wat in ons woon."* (2 Tim. 1)

Kyk na ŉ huis! Sien julle vuur en vlamme uitslaan uit die dak, mure en muurproppe? Niks nie! Maar die hele huis is geëlektrifiseer. Dit beteken in enige kamer, enige tyd, kan jy net die lig aansit en die krag is daar!

Die huis word deur die krag bewoon. 'Bewoon' beteken dit is altyd daar. Dit is altyd deel van die huis.

Net so is die gemeentes van Jesus Christus. Jy kan nie die Heilige Gees sien nie. Maar die Heilige Gees is altyd daar en Hy voorsien altyd krag in die gemeentes van die Here. Dit is die werk wat die Heilige Gees die hele tyd onsigbaar doen.

Die genade, liefde, goedheid en barmhartigheid van God is nie maar net iets wat in die Hemel is, of binne-in die Heilige Gees is nie. Die Heilige Gees maak dat dit die hele tyd deel is en deel bly van die gemeentes van die Here Jesus Christus.

Dit is die werk van die Heilige Gees – God se genade, liefde, goedheid en barmhartigheid is altyd daar en deel van die gemeentes op aarde.

**4. <u>Die Heilige Gees beheers ons</u>**

Kyk na al die elektriese apparate en al die elektriese koorde! Sien julle daar enige vlamme en rook uittrek? Niks nie. Gebeur daar niks nie omdat ons nie vlamme en rook sien trek nie?

Deur die elektriese koorde en die kontakpunte gebeur daar verskriklik baie werk. Krag vloei tot binne-in ketels en stroom vloei uit ketels, en hierdie onsigbare vloei van krag en stroom, maak dat alles werk.

Die vloei van krag en stroom deur die Woord van God in die nuwe hart en verstand wat ons kry – is die werk van die Heilige Gees. Met hierdie onsigbare werk is die Heilige Gees die hele tyd besig. Kyk hoe sê Paulus dit in Galasiërs 5 en Romeine 8:

*"16 Wat ek bedoel, is dít: Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie.* (Gal 5:16)

*"4 Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen, óns wat ons lewe nie deur ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees. 5 Dié wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die sondige natuur, maar dié wat hulle deur die Gees laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die Gees." (Rom. 8)*

Waarmee is 'n ketel besig wat krag inkry en uit wie daar stroom vloei? Hierdie ketel kook water! Hierdie ketel word deur die elektrisiteit beheers. 'Beheers' beteken dit laat hom werk soos hy moet werk.

Dit is wat die Heilige Gees doen. Hy beheers ons deur die Woord van God. Dit is die werk van die Heilige Gees om God se liefde na ons toe te laat vloei, tot binne-in ons. Dit doen die Heilige Gees deur aan ons die kontakpunt van geloof en liefde te gee. Dit is die werk van die Heilige Gees om liefde in ons op te wek deur die liefde van God binne-in ons, en ons aan die Wet van God vas te bind om God deur Sy Wet lief te hê.

Dit is hoe die Heilige Gees ons elke dag, die hele dag, beheers. Hy bewerk al hierdie dinge deur die Woord van God.

**5. <u>Die Heilige Gees vervul ons</u>**

Die Heilige Gees werk nie net in die wêreld en in die gemeente nie. Die Heilige Gees werk ook binne-in ons. Die Heilige Gees vervul ons. Kyk hoe sê Paulus dit:

*"13 Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!* (Rom. 15:13)

*"18 Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, 19 en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag 20 wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het: 21 hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag wees, nie net in*

*hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom. [22] Ja, aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk. [23]* ***Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul****."* (Ef. 1:18)

*"[19] Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God. [20] Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, [21] aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid"* (Ef. 3:19)

Die liefde, genade, goedheid en barmhartigheid van God is nie maar net iets wat God in die Hemel vir ons het nie, dit is nie maar net iets wat Jesus vir ons opwek nie, dit is nie maar net iets binne-in die Heilige Gees en binne-in gemeentes nie – dit vervul ons elke dag.

'Vervul' beteken dit maak ons en ons hele lewe vol. God se liefde is iets wat binne-in ons, deel van ons en ons hele lewe word. Dit is die werk van die Heilige Gees.

Kyk na die bruindraad, die Evangelie! As jy so na die draad kyk, lyk dit asof daar niks gebeur nie. Jy sien ook nie hier enige vuurvlamme en rook trek nie. Maar daar is krag aan die werk, die hele tyd. Die krag is nie maar net binne-in die bruindraad nie. Die krag vloei binne-in die ketel in en dit word deel van die element. Die hele element is vol van die krag.

Net so vervul die Heilige Gees ons ten volle met alles wat God in Homself vir ons gee – net deur die Evangelie. Deur die Evangelie word ons vervul met God se liefde. Dit is die werk van die Heilige Gees.

**6. <u>Die Heilige Gees maak dat ons vrug dra</u>**

Kom ons lees Gal. 5 verse 22 tot 24:

*"[22] Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, [23] nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie. [24] Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. [25] Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal."*

Wat gebeur in 'n bloudraad as jy sommer so na hom kyk? Dit lyk ook maar asof daar niks gebeur nie. Maar daar gebeur baie. Daar vloei die hele tyd stroom.

Dit is die werk van die Heilige Gees: Hy maak deur die krag van God se liefde wat in ons lewe invloei, binne-in ons 'n liefde vir God. Hierdie liefde wat ons vir God het, word daarom die "vrug van die Gees" genoem. Hy maak dit binne-in ons. Hy bring dit binne-in ons tot stand. Dit is nie ons wat dit maak nie.

Paulus sê dat hierdie liefde wat ons vir God binne-in ons het, nou ons gedrag moet bepaal. Dit beteken ons moet met hierdie liefde, God se Wet onderhou. Kyk hoe werk hierdie vrug van die Gees en die Tien Gebooie volgens Paulus in Romeine 8:

*"[2] Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood. [3] Wat die wet nie by magte was om te doen nie, omdat dit weens ons sondige natuur te swak was, dit het God gedoen. Hy het met die sonde afgereken deur sy eie Seun in dieselfde gestalte as die sondige mens te stuur; so het Hy die sonde in die sondige bestaan van die mens veroordeel. [4] Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen, óns wat ons lewe nie deur ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees."*

'Die wet van die Gees' is waar ons na die Tien Gebooie luister met die liefde wat die Heilige Gees binne-in ons geskep het deur die liefde, genade, goedheid en barmhartigheid van God deel van ons lewe te maak.

Dit is die werk van die Heilige Gees. Hy maak dat mense uit die liefde wat Hy in hulle opwek, luister na die Wet van die Here. Dit is soos stroom wat uit die ketel opgewek word om in die bloudraad te vloei. Hy gee hierdie vrug binne-in ons, die hele tyd. Dit is die werk waarmee die Heilige Gees besig is.

**7. Alleen deur ons geloof in die Evangelie het ons deel aan die volle werking van die Heilige Gees**

Kom ons lees Galasiërs 3:

*"Julle Galasiërs, is julle dan so sonder begrip? Wie het julle verstand benewel? Jesus Christus is tog so duidelik aan julle verkondig dat julle Hom as 't ware aan die kruis kon sien hang! [2] Net een ding wil ek van julle weet: Het julle die Heilige Gees ontvang deur die wet van Moses te onderhou of deur die evangelie te glo? [3] Is julle dan so sonder begrip? Julle het met die Gees begin; wil julle nou in eie krag eindig? [4] Was al julle swaarkry dan verniet? Dit kon tog nie verniet gewees het nie! [5] Hy wat julle met die Heilige Gees toerus en kragtig onder julle werk, doen Hy dit omdat julle die wet onderhou of omdat julle die evangelie glo? [6] So was dit ook met Abraham: "Hy het in God geglo, en God het hom vrygespreek"*

Hoe ontvang ons die Heilige Gees?

Hierdie is 'n baie belangrike vraag. Hoe ontvang ons die krag van die Heilige Gees, woon die Heilige Gees in ons, beheers die Heilige Gees ons, vervul die Heilige Gees ons en maak die Heilige Gees vrug binne-in ons?

Paulus vra hierdie vraag só: *"Hy wat julle met die Heilige Gees toerus en kragtig onder julle werk, doen Hy dit omdat julle die wet onderhou of omdat julle die evangelie glo?"*

Dis ŉ óf-óf ! Dis óf deur die Wet te onderhou, óf deur die Evangelie te glo! In keteltaal – dis óf deur die bloudraad, óf deur die bruindraad waardeur ŉ ketel ten volle met krag vervul word vanaf die dinamo, tot binne-in die ketel en terug.

Die antwoord is maklik. Net deur ons geloof in Jesus Christus ontvang ons die Heilige Gees ten volle, en rus Hy ons heeltemal toe – kry ons Sy krag, woon Hy in ons, beheers Hy ons, vervul Hy ons en dra Hy vrug binne-in ons.

Kyk na die Ketel! Hoe kry hierdie ketel deel aan alles wat die kragnetwerk gee en doen? Net deur die een klein koperpuntjie wat pas op die bruindraad. Hierdie klein koperpuntjie is genoeg om in te skakel en in alles te deel wat deur die kragnetwerk gebeur.

Net deur ons geloof in Jesus Christus deel ons in alles wat die Heilige Gees doen!

**8. <u>In afgodsdiens wil mense die Heilige Gees deur die bloudraad ontvang</u>**

Kyk weer wat sê Paulus in Galasiërs 3. Hierdie mense het begin deur te glo in Jesus Christus wat vir hulle sonde aan die kruis gesterf het.

Wat doen hulle toe? Toe maak hulle só: ons het vergifnis gekry deur in Jesus Christus te glo, maar die Heilige Gees kry ons deur die Wet en wetsgehoorsaamheid!

Kom ons kyk na die elektriese koord en kyk hoe dink hierdie mense! Hulle wil Jesus Christus deur die bruindraad ontvang, en die Heilige Gees deur die bloudraad!

Hulle maak só:

- Jesus Christus werk deur die Evangelie, maar die Heilige Gees werk deur die Wet;
- of deur geloof maak ons kontak met Jesus Christus, maar deur gebed, bekering, toewyding en oorgawe – alles wat die Wet sê ons moet doen – ontvang ons die krag, die inwoning, die vervulling en vrug van die Heilige Gees.

Kan dit só werk? Wat ontvang ŉ ketel deur die bloudraad? Niks nie! Deur die Wet en ons wetsgehoorsaamheid kry ons niks nie, dis maar net ons liefde wat na God vloei!

Alles wat ons kry van God, ontvang ons net deur een kontakpunt – ons geloof in Jesus Christus.

Kan dit só werk: Jesus Christus werk op Sy eie en ons kry deel aan Hom sonder die Heilige Gees, en die Heilige Gees werk weer op Sy eie en ons kry nie aan Hom deel nie, al het ons deel aan Jesus Christus?

Dis so goed as om te sê dat jy ingeskakel is by 'n dinamo, maar nog nie by 'n kragnetwerk nie, en dat as jy by 'n kragnetwerk ingeskakel is, jy aan iets anders deel kry as die krag wat die dinamo opwek!

Dis afgodsdiens! Jesus Christus maak ons net op een manier deel van Hom – deur aan ons die Heilige Gees te gee. Deur ons geloof in Jesus Christus is ons deel van alles wat die Heilige Gees doen: Sy krag, Sy inwoning, Sy vervulling en Sy vrug. Die kragnetwerk laat ons deel in wat Jesus in die Hemel opwek, niks anders nie, en wie in Jesus Christus glo, is ten volle deel van die hele kragnetwerk: die Heilige Gees.

Die Wet en wetsgehoorsaamheid bring niks na ons toe nie.

**9. Herlewings is ysterketel-godsdiens**

Hoekom dink mense dat ons nie die Heilige Gees se krag, inwoning, beheersing, vervulling en vrug ontvang alleen deur ons geloof in Jesus Christus nie, maar deur iets anders soos ons gebede, ons bekerings, ons toewydings en oorgawes?

Want hulle dink soos ysterketels!

Ysterpotte kan net op een manier water kook – as daar vuur en rook is, en as 'n mens die vuur en rook kan sien. Sonder hierdie vuur en rook kan ysterketels nie kook nie. Die onsigbare krag van die Heilige Gees wat soos elektrisiteit van begin tot einde onsigbaar werk – ken hulle glad nie.

Hoe werk hierdie vuur en rook? Dit werk deur predikante en geestelikes wat vuur stook met onbybelse verwagtinge en beloftes wat hulle verkondig~~aanstook~~:

- as julle baie bid, sal God vir julle gee wat julle graag wil hê: 'n lekker, gelukkige lewe, gesondheid, goeie maats, liefdevolle ouers, 'n goeie loopbaan, baie geld en 'n lewe van oorvloedige geluk;
- as julle alles net vir God los om te doen, dan sal God sélf binne-in julle begin lewe.

Hoe werk hierdie vuur en rook? Deur Christene sleg te sê en te maak asof God hulle nie in alles van die Heilige Gees laat deel deur hulle geloof in Jesus Christus nie:

- Julle is maar net gewone Christene wat maar net gewoonweg nog sonde doen, net gewoonweg bid en net gewoonweg luister na God; as julle bid en bekeer en julle ten vólle aan God oorgee, sal God sélf binne-in julle lewe inkom, en sal God binne-in julle lewe.
- As julle nog sonde doen, nog sukkel om God te dien, het julle nie die Heilige Gees en Sy krag ontvang nie.
- As julle net glo in Jesus Christus, is jy vergewe, maar het jy nog nie die inwoning en beheersing van die Heilige Gees nie.

- As jy net glo in Jesus Christus is jy vergewe, maar het jy nog nie die vervulling en vrug van die Heilige Gees nie.

Mense wat só saam bid, bekeer, raserig praat, op die grond neerval, sit en wag dat God sélf binne-in hulle moet inkom, wat glo hulle het nie die Heilige Gees ontvang nie, omdat hulle nog sonde doen en sukkel om die Here te dien – dit is die vuur en rook wat mense in afgodsdiens glo, God laat werk. Dit is wat hulle herlewings noem.

Hoekom glo hulle so? Want al die saam bid, saam bekeer, saam raserig praat, saam neerval en saam sit en wag, is iets wat hulle kan sién gebeur!

Dis soos ysterketels wat net kan werk as jy vuur en rook onder hulle maak. Die onsigbare werking van die Heilige Gees is nie deel van hulle lewe nie. Hulle het nie die kontakpunt geloof en liefde waarmee hulle ten volle deel in die volle werking van die Heilige Gees nie.

Kan vuur en rook ooit iets beters en sterkers wees as ŉ dinamo en kragnetwerk? Dit kan nie. Daardie klomp mense wat so raserig saam tekeregaan, kan nie doen wat Jesus Christus en die Heilige Gees onsigbaar vir en binne-in ons doen nie.

Kan ketels te sleg wees om ketels te wees as hulle vuil kolle op het, ŉ krakie of twee het, vol aanpaksels binne is en te sag is om op ŉ vuur gesit te word? Nee! Die belangrike deel is die kontakpunt.

Net so is ons as gewone mense, met al ons sonde en sondige neigings – ten volle vervul en deel van alles wat die Heilige Gees doen – net deur een klein koperpuntjie: ons geloof in Jesus Christus.

Nooit mag mense met hulle gebede, hulle bekerings, hulle gesing en getuig ons probeer oortuig dat ons nie deel is van die volle werking van die héle kragnetwerk en dinamo nie. Deur hierdie een klein kontakpuntjie: ons geloof in Jesus Christus, ontvang ons die volle gawe en die volle werking van die Heilige Gees.

Daar kan geen vuur groot genoeg gemaak word wat iets kan doen wat ŉ dinamo en kragnetwerk doen nie. Net so kan daar geen herlewing onder mense wees wat ooit in ons kan doen wat Jesus Christus deur die Heilige Gees in ons doen nie.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

________________________________

Handtekening: ouer of voog